# ONS IS BESTUURDERS VAN GOD SE SKEPPING

7 Februarie 2010

Kolossense 1:15-20

CHRISTUS SPEEL 'N SLEUTELROL
In hierdie lied word getuig dat die Here Jesus *"verhewe bo die hele skepping"* is (:15); dat God alles *"deur Hom"* geskep het (:16); dat alles ook *"vir Hom"* geskep is (16); dat Hy *"Voor alles"* al daar was en dat alles *"deur Hom"* in stand bly (:17). Hy neem die *"eerste plek in die heelal"* in (:18). *"God het besluit ... om deur Hom alles met Homself te versoen ... deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."* (:19, 20).
Die Here Jesus het dus nie net 'n **sleutelrol** gespeel in ons *herskeppping* om van ons nuwe mense te maak nie, maar ook by ons *skepping*. God het ook nie net alles deur Hom *geskep* nie. God hou ook alles deur Hom *in stand*. **Alles wys na Christus toe; alles in die skepping draai om Christus** en dis hoe dat dit moet wees.

HY IS DIE HEELMAKER
Wat hier staan in verband met Sy **versoeningsro**l is baie interessant: *"God het besluit ... om deur Hom alles met Homself te versoen ... deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."* (:19, 20).

***"Versoening"*** beteken dat verhoudings weer herstel word. Christus het gekom sodat ALLES met God versoen kon word. Dit het dus nie net betrekking op *mense* nie – dan sou daar ALMAL gestaan het. Die HELE SKEPPING moes weer met God versoen word. Toe sonde die mens se verhouding met God beduiwel het, **het die hele skepping daaronder gely** – en dis vandag nog die geval.
Die skepping **lyk soos wat dit lyk** omdat mense sondaars is en nie hul verantwoordelikheid behoorlik nakom nie. **Jesus red mense sodat ons ook weer ons roeping teenoor die skepping kan nakom**. Hy is die ***"Heiland"*** en dit beteken Hy is die *"Heelmaker"of die "Gesondmaker"*. Hy wil ons en ons verhouding tot ons Skepper weer *heel maak* en ons dan **gebruik** om ook die gebroke, siek skepping weer te help heel- en gesond maak. Ons gemeentevisie is juis: <u>Help herstel Eden deur die krag van Jesus</u>!
God het in Eden 'n pragtige tuin aangelê – die **tuin van Eden**. Hy het gesien dat dit *goed* was. Toe het Hy die mens aangestel om dit "*te bewerk*

*en op te pas"* (Gen 2:15). Ons is veronderstel om God se **bestuurders** op aarde te wees. Die aarde *behoort aan* die Here en alles wat daarop is, maar ons is sy bestuurders.

ONS FAAL AS BESTUURDERS

Ongelukkig het die mens gesondig. Met ons sondige natuur is ons nie sulke goeie bestuurders nie. Ons tree op asof die aarde en alles daarop aan *ons behoort* en asof ons daarmee kan maak wat *ons wil*. Ons dink die *wêreld draai om ons* en nie rondom GOD nie. Jesus Christus is nie vir ons die EERSTE nie, maar onsself. Ons vergeet dat alles VIR HOM geskep is en dat Hy alles in stand hou.

Ons is **nie ware beelddraers** van God nie. God is besorg oor die diere en die plante en die grond. Hy sê spesifiek dat die beeste en die donkies ook op die sabbat moet kans kry om uit te rus (Eks 23:12). Hy het selfs bepaal dat die grond elke sewende jaar 'n ruskans moet kry (<u>Lev 25:1-5</u>).

<u>Die mens se sonde hou ernstige gevolge vir die aarde in</u>. Daar **is talle voorbeelde** waar mense die natuur verwaarloos, uitbuit, verniel, besoedel… Dink aan die *lugbesoedeling* hier in die Kaap, die *gronderosie* in die Transkei; al die *chemiese gemors* wat ons op ons vullishope en op ons strate weggooi; die *olie* op ons strande; *hele spesies diere en plante* wat uitgewis word; *ontbossing* oral in Afrika; die *gat in die osoonlaag*. Die Here kan sekerlik vir ons ook vandag sê wat Hy destyds **vir Israel** gesê het: *"Jou eie optrede, jou eie dade het hierdie dinge oor jou gebring…"* (Jer 4:18). In Hosea 4 lees ons dat Hy gesê het: *"Omdat trou, liefde en toewyding aan die wil van God in die land ontbreek, het vervloeking, valsheid, moord, diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem en is die vergieting van onskuldige bloed aan die orde van die dag. Dit is waarom die* land verdor *en al die inwoners van* dors versmag *saam met die wilde diere en die voëls, en waarom selfs die* visse vrek.*" (:1-3)*

Gelukkig is daar

DIE BELOFTE VAN 'N NUWE AARDE

In sy brief aan die **Romeine** sê Paulus die skepping ***"sug"*** van swaarkry, dit kreun en steun (Rom 8:20-22). Maar dis soos **geboortepyne:** daar is 'n nuwe "skepsel" oppad. 'n **Nuwe hemel en aarde** gaan gebore word. Luister na die **beloftes** in die OT: Jes 11:6-9; 65:17-25. En in NT: Open 21:1.

Ons kan egter nie maar net sit en wag dat daardie dag moet aanbreek nie.

WEES LIEF VIR ANDER

Die Woord van God leer ons om **ander lief te hê** soos onsself. Dit beteken tog dat ons aan die wat **na ons kom** ook 'n mooi wêreld wil agter laat. Daar is die **gesegde** wat lui dat ons erf die aarde nie by ons ouers nie, ons leen dit van ons kinders. Fil 2:4 sê ons moet nie net elkeen aan ons *eie belange* dink nie, maar ook aan die van die ander. Die "ander" sluit sekerlik die *geslagte na ons* in. Ons moet in die manier waarop ons met die skepping omgaan, gedurig die wat na ons kom se belange in gedagte hou.

**Voorstelle:** Het jy geweet dat tot 60% vd "gemors" wat jy weggooi, weer gebruik kan word? Herwinning is een van die beste maniere om 'n positiewe impak op die wêreld en omgewing te hê. As **een blikkie** herwin word, kan genoeg energie bespaar word om 'n TV-stel 3 uur lank van krag te voorsien. As **een glasbottel** herwin word, kan genoeg energie bespaar word om 'n rekenaar 25 min van krag te voorsien. As een **plastiekhouer** herwin word, kan genoeg energie opgewek word om 'n gloeilamp van sowat 60watt drie uur te laat brand. Sowat 70% minder energie is nodig om papier te herwin as om dit uit grondstowwe te maak. Om 1 ton papier te maak is 24 bome nodig! (Die Burger, 24/5/08)

WORD MET GOD VERSOEN

Eintlik is ons vandag herinner dat ons die aarde **BY GOD leen**. Hy het ons as *rentmeesters* daaroor, bestuurders daarvan, aangestel.

Ons kan dit **slegs behoorlik wees** as ons eers deur Christus met God versoen is. Ons moet 'n *nuwe natuur* kry, *opnuut gebore* word. Laat ons ons **sonde** voor Hom bely, ook die sonde van uitbuiting, verwaarlosing en misbruik van die natuur**. Glo** dan dat Jesus Christus se offer voldoende was sodat ons ook daarvoor vergiffenis kan ontvang. En laat ons dan met *respek en waardering en verantwoordelikheid* omgaan met God se skepping wat Hy aan ons toevertrou het, wetende: *"Alles is deur Hom en vir Hom geskep"* (Kol 1:16)

**Wees 'n voorbeeld en bid** dat baie ander dieselfde weg sal volg.

Amen.

7/2/10

BESPREKING

1. Wat het jou getref?
2. Dink jy daar is vandag groter bewustheid oor hierdie saak as vantevore?
3. Wat sal jy nou wil ophou doen; begin doen; meer gereeld doen; anders doen?
4. Luther: "Selfs my hond moet kan agterkom ek is 'n christen." Hoe?

5. As daar genoeg tyd is, gesels oor die stiltetyd-blaadjie (volg hieronder) en wat daarop staan.

---

## Skriflesings

**GOD IS GOED!**

1. ONS IS BESTUURDERS VAN GOD SE SKEPPING ("GROND")

Lees en oordink hierdie week op jou eie of saam met ander (bv as huisgesin):

SONDAG: Genesis 1:1-31; 2:15

MAANDAG: Levitikus 25:1-7; Deuteronomium 10:14; 1 Kronieke 29:11

DINSDAG: Job 38:1-11; 25-29

WOENSDAG: Psalm 104:1-33

DONDERDAG: Jesaja 11:6-9; 35:1,2; Jesaja 40:12; 42:5, 9-10;
Jesaja 65:17-19, 21-25

VRYDAG: Matteus 6:26-30; Markus 4:3-8; 30-32; 37-41

SATERDAG: Romeine 8:19-23; Kolossense 1:15-17;
Openbaring 4:11; 21:1-5; 22:1-5

DINK/ GESELS HIEROOR:

- "Ons erf nie die aarde van ons ouers nie, ons leen dit by ons kinders."
- "There is a sufficiency in the world for man's need but not for man's greed." Mohandas K. Gandhi
- Hoe kan ek/ons my/ons roeping teenoor God se skepping nog beter vervul?
- Wat moet ek/ons dalk OPHOU doen, ANDERS doen of BEGIN doen?